C.1 TWEEDE VERSLAG VAN DIE DIENSGROEP VIR KOöRDINERING EN BESTUUR (DKB)

1. VERKIESING VAN FUNKSIONARISSE

1.1 BEPALINGS EN SINODEBESLUITE

*1. Volgens Bepaling 32.2.8 in die Kerkorde en Bepalings van die Noordelike Sinode (2005) vind die verkiesing van die moderator direk na konstituering onder leiding van die leraar met die langste diens plaas.

*2. By die vorige sinode is die volgende voorstel na die SDR vir ondersoek verwys: "Die moderatuur word voortaan aan die einde van elke sinodevergadering verkies sodat die vergadering onmiddellike kan voortgaan met sy werksaamhede" (Handelinge 2005, bl. 79).

*3. By sy vergadering van 2 Junie 2008 het die SDR aan die opdrag aandag gegee en na bespreking besluit: *"Die skema van werksaamhede word deur die DKB gefinaliseer (bep 32.2.8; 35.2.3). Die DKB word gevra om in die sinode se agenda 'n aantekening te maak oor die verkiesing van die moderatuur (moet dit aan die begin van die vergadering wees (nuwe span neem dadelik oor); aan die einde (ou span lei die vergadering); of aan die begin, maar die ou span lei die vergadering en die nuwe span neem eers teen die einde oor? Die DKB-aantekening moet so geformuleer word dat dit die sinodevergadering kan help om 'n besluit te neem."*

*4. In die verslag van die Sinodale Taakgroep Regte word 'n wysiging aan Bepaling 32.2.8 voorgestel wat (indien dit goedgekeur word) onder meer tot gevolg sal hê dat die sinode by elke sinodesitting moet besluit wat die beste tydstip vir die verkiesing van funksionarisse is. (Vgl Agenda 2008 bl.38 pt. 2.2.6.)

*5. Teen die agtergrond van die STR-aanbeveling, en in die lig van die besonder kompakte en hopelik dinamiese aard van hierdie sitting, en na baie konsultasie tussen die DKB en die taakspan vir die sinode oordeel die DKB dat die moderatuur by hierdie sinodesitting direk na konstituering verkies moet word volgens die voorskrifte van die huidige Bepaling 32.2.8.

1.2 AANBEVELING: VERKIESING VAN FUNKSIONARISSE

Die sinode besluit

1.2.1 om die moderatuursverkiesing by hierdie sitting volgens die vereiste van Bepaling 32.2.8 te hanteer;

1.2.2 om die ander funksionarisse (diensraadvoorsitters) te kies op 'n tyd wat na die oordeel van die voorsitter, bygestaan deur die projekspan, die geskikste lyk.

DR JOHAN PIENAAR (Voorsitter) **DR GERRIT CLOETE** (Skriba)